## Riglyne vir die insaeling van inligting

- Stel alles vas wat jy kan oor die omgewingskwessie wat jy gekies het. Fokus op wat dit veroorsaak sowel as die uitwerkings daarvan op mense en gemeenskappe. Hier is ’n paar bronne wat jy kan gebruik om inligting in te samel:
- Versamel relevante berigte in koerante en artikels in tydskrifte.
- Luister na die nuus oor die radio en kyk die TV-nuus. Skryf aantekeninge oor enigiets wat te doen het met die omgewingskwessie wat jou groep gekies het.
- As jy toegang tot ’n biblioteek of die internet het, kry jy boeke en webwerwe wat aandag aan omgewingskwessies gee.
- Probeer om onderhoude met mense te voer wat verantwoordelik is of wat geraak word deur die omgewingskwessie. Onthou, voordat jy enige beskuldigings doen, moet jy baie goed ingelig wees. Vra vrae soos:
  - Wat of wie dink jy is verantwoordelik vir dié kwessie?
  - Wat is die uitwerkings van dié kwessie op die gemeenskap?
  - Wat kan jy doen om die kwessie te help oplos?

## Riglyne vir die aanbieding van jou verslag

- Dit is nie nodig dat jy al die inligting in jou verslag aanbied nie – jou onderwyser en die leerders sal ’n kans kry om deur jou bevindings en voorstelle te lees.
- As jy visuele hulpmiddels gebruik, moet jy verseker dat almal in die klas dit sal kan sien en lees.
- Probeer om soveel groeplede moontlik in jou aanbieding te betrek, óf in die voorbereiding, óf voor die res van die klas.

## Riglyne vir werk in groepe

Die belangrikste ding wat onthou moet word oor werk in groepe is dat julle mekaar se pogings moet ondersteun as julle wil hê die groep moet goed werk. Voordat julle begin, moet julle almal instem om terugvoering konstruktief en hoflik te gee en te ontvang. Hou die volgende vrae in gedagte terwyl julle saamwerk aan jul projek:

- Het jul groep ’n duidelike fokus? Is julle almal op dieselfde bladsy?
- Kry almal in die groep ’n kans om hul idees te verduidelik en te sê wat hulle graag wil doen?
- Hoe is die leiding van die groep? Is daar enige konflik? Hoe gaan julle die konflik oplos?

© Oxford University Press Southern Africa (Pty) Ltd 2013